# Positief of Negatief
# Reg of Verkeerd

**Kol 3:5-11** **Maandag 18 Julie 2022**

**Baie min mense hou daarvan om negatief te wees of om oor negatiewe dinge te praat**.
Hulle sê wees positief, moet nooit oor iets negatiefs praat nie.
Maar...

- Soms is dit nodig om oor die negatiewe te praat.
- Soms is dit nodig om die negatiewe uit te wys en daaroor te handel.
- Soms moet ons onsself of mense teregwys oor die negatiewe dinge.

Maar...die negatiewe aanmerkings en vermanings van christenskap groei uit die positiewe waarhede.

Bv. Dit help nie jy praat net oor 'n mooi tuin, as jy nie bereid is om die bossies uit te trek nie.
Dit help nie jy praat oor goeie gesondheid, maar jy is nie bereid om te oefen en gesond te eet nie.
Dit help nie jy praat van die verlossing van ons sondes deur Christus se soenverdienste en jy is nie bereid om die sonde uit te wys en te poog om daarmee op te hou nie.

Daarom sê Paulus in vers 5-9 die negatiewe sake wat ons moet uitlos, sodat ons vernuwe kan word. **<u>Kol 3:5-11</u>**

**5** "Daarom moet julle die aardse dinge doodmaak wat nog deel van julle lewe is: onsedelikheid, onreinheid, wellus, slegte begeertes, en gierigheid, wat afgodery is.

**6** Deur sulke dinge kom die straf van God oor die mense wat aan Hom ongehoorsaam is.

**7** Vroeër het julle ook aan dié dinge meegedoen toe julle nog daarin gelewe het.

**8** Maar nou moet julle al hierdie dinge laat staan: woede, haat, nyd en gevloek. Vuil taal moet daar nie uit julle mond kom nie,

**9** en moenie vir mekaar lieg nie. Julle het met die ou, sondige mens en sy gewoontes gebreek

**10** en leef nou die lewe van die nuwe mens, wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper en tot die volle kennis van God.

**11** Hier is dit nie van belang of iemand Griek of Jood is nie, besny of nie besny nie, andertalig, onbeskaaf, slaaf of vry nie. Hier is Christus alles en in almal."

Om die aardse verkeerde dinge dood te maak, beteken letterlik dat dit nie meer deel van ons lewens moet wees nie. Want ons het saam met Christus vir die sonde gesterf. Ons moet die sonde aflê, doodmaak, weggooi van ons af.

Paulus leer baie duidelik aan ons in **<u>Rom 6:10-14</u>** hoe dit werk. **10** "Want die dood wat Hy *(Jesus Christus)* gesterf het, het Hy vir die sonde eens en vir altyd gesterwe; maar die lewe wat Hy leef, leef Hy vir God. **11** So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here. **12** Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie. **13** En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God. **14** Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie

onder die wet nie, maar onder die genade."

Daarom dat ons lees dat Jesus ook gesê het in **Mat 5:29-30** "As jou regteroog jou dan laat struikel, ruk dit uit en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie. **30** En as jou regterhand jou laat struikel, kap dit af en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie."

Natuurlik bedoel Jesus en Paulus dit nie letterlik nie, maar figuurlik. Die Here wil nie hê dat jy fisies jou oog moet uitruk of jou hand moet afkap nie. Jesus bedoel dit figuurlik. Die Here toets die gesindheid van die hart. In jou hart moet jy die dinge veroordeel, In jou hart moet jy wil en biddend wil ophou met die verkeerde of wat nie tot eer van God is nie. Jy moet fisies nie meer na die sonde kyk of dit met jou hande doen nie. Paulus noem die sondes, die verkeerde dinge by die name. Hy skroom nie om te sê wat verkeerd is nie.

Bid daarom, bely jou sondes eerlik en opreg en bekeer jou daarvan met die hulp en die genade van God deur die werking van die Heilige Gees.

Donderdag kyk ons DV na die Positiewe opdragte.

**Kom ons bid saam**

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595:*** **gskruger1@gmail.com**